Graad 11

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre is opgewonde om die 8 eenhede van die Graad 11 KABV (CAPS) aan te bied soos volg:

Idees van Ras in die laat 19de en 20ste eeu – Wat was die gevolge toe die pseudo-wetenskaplike se idees van Ras 'n belangrike deel van regeringsbeleid en wetgewing geword het in die 19de en 20ste eeu?

Gevalle studie: **Australië** en die Australiese inboorlinge: **Nazi-Duitsland** en die **Holocaust.**

Eenheid 1
Inleiding
Hierdie eenheid behels 'n oorsig oor die volgende:
- die pseudowetenskap van die **teorie van ras**;
- die pseudowetenskap van **eugenetika**.

Pseudo-wetenskap-like idees van Ras

Laat ons eerstens die sogenaamde wetenskaplike basis van Ras ontleed.

Wat is "pseudowetenskap"? Die oorsprong van die woord 'pseudo' is **Grieks**, dit beteken **sonder bewyse of vals** en is nie gebaseer op **feite** nie. Vandag weet ons dat die teorie van ras vals is.

In vroeër jare toe mense, waarvan baie van hulle hoogs-gekwalifiseerde wetenskaplikes was, daarin geglo het dat dié teorie waar is. Hulle het nie opsetlik hierdie inligting versprei om mense om die bos te lei nie, nog minder het hulle die informasie vervals. Vir baie jare het mense opreg geglo dat die idee van **ras en rassewetenskap** op feite gebaseer is.

Vandag weet ons, sonder enige twyfel, dat dit nie waar is nie.

Wanneer ons kyk na die evolusie van wetenskap, kan ons planeet Aarde as voorbeeld gebruik. Die foto van die planeet is uit die ruimte geneem. Hier sien jy die aardbol van die kontinent van Suid-Amerika, die oseane en die wolke. Jy herken al hierdie dinge as deel van die planeet en besef dat dit ‘n werklike uitbeelding van die aardbol is.

In die verlede was daar egter ‘n tyd toe mense geglo het dat die aarde plat was en nie geglo dat die meegaande beeld geloofwaardig is nie. Daar was beweer dat dit wetenskaplik bewys was dat die aarde plat is.

Gedurende die 4de en 5de eeu was daar professionele, hooggeleerde kaarttekenaars wie se landkaarte die aarde as plat uitgebeeld het. Hierdie sogenaamde akkurate kaarte het aangewys dat wanneer jy jou boot tot die einde van die aarde roei, jy by die kant sal afval.

Pseudowetenskaplike Idees van Ras

Pseudowetenskaplike Idees van Eugenetika

Waar, Wanneer en Hoekom het hierdie idees wortel geskiet?

Een van die belangrikste dinge wanneer enige geskiedenis bestudeer word, indien jy beplan om ‘n historikus te word, is om altyd die volgende te vra: Waar, wanneer en hoekom het dinge gebeur?

Dit is bekend as konteks. Dit is belangrik om te verstaan wanneer dinge gebeur het, waar dit gebeur het en al hierdie help ons verstaan hoekom dit gebeur het.

Wêreldgebeure maak meer sin, oor die algemeen, as ons die konteks verstaan. Met die idees in hierdie module sal ons gedurigdeur na die konteks kyk .

Pseudowetenskaplike Idees van Ras

Pseudowetenskaplike Idees van Eugenetika

Waar, Wanneer en Hoekom het hierdie idees wortel geskiet?

Die gevolge van hierdie idees toe dit ‘n belangrike deel word van die Regeringsbeleid in die 19de en 20ste eeu.

Wanneer ons dink aan die gevolge van die valse wetenskaplike idees van ras en eugenetika, dan kan ons definitief lesse van dít leer.

In hierdie eenhede sal ons twee gevalle-studies behandel van die gevolge van bevooroordeeldheid, die **valse ras teorie en** die **denkwyse van eugenika**.

Die eerste gevalle-studie is Australië; die tweede is Nazi-Duitsland.

Indien jy Geskiedenis in Graad 11 bestudeer, behoort jy die opkoms van die Nazi party in Duitsland en die gevolge daarvan te onthou. Die begrip en insig van die vals wetenskaplike teorieë van eugenetika en ras sal jou intensiewe kennis verskaf van hoe wetenskap en politiek saamgewerk het om die grondslag te lê vir wat in Australië en in Nazi-Duitsland in die 20ste eeu gebeur het, sowel as in Suid-Afrika onder koloniale en apartheid bewind.

In baie lande het politici en regerings die vals wetenskaplike teorieë gebruik om hul gewelddadige beleide en wetgewing te onderskryf en te regverdig.

Hoe hierdie idees ons nogsteeds vandag affekteer.

Affekteer die idees van ras en eugenika ons nog steeds vandag? Indien wel, HOE affekteer dit ons vandag? Dii is alles belangrike vrae.

Jy mag wonder: “Wat het dit met my, ‘n Graad 11 leerling, in Suid-Afrika in die 21ste eeu te doen?” en “Hoe affekteer dit MY en waarom moet ek hierdie hoofstuk in Geskiedenis leer?”

Dit is regverdige vrae om te vra. Jy het die volste reg om te vra waarom jy moet leer oor wetenskaplikes en teorieë van die 18de en 19de eeu; Australië in die 20ste eeu en Europa in 1930 -1945. Dit is verstaanbaar dat jy die vraag aan jouself rig: ‘Wat het dit te doen met die hedendaagse Suid- Afrika?’ Die antwoord: Dit hét **ALLES** met ons te doen!

WAT HET 46 JAAR VAN APARTHEIDSWETTE AAN JOU, AAN MY EN AAN ANDER ROMDOM ONS TE DOEN?

Ons gaan nou ‘n vraag aan jou rig:

Wat het 46 jaar van apartheidswette gedoen aan die mense van Suid-Afrika?

(Wat was die gevolge van die 46 jaar van wettige apartheid in Suid-Afrika? Watter impak het dit op die mense in hierdie land gehad?)

Dink daaroor vir ‘n minuut, en as jy in ‘n kamer sit met iemand terwyl jy dit lees, bv. ‘n familie-lid, rig hierdie vrae aan hulle ook.

Jy sal die volgende antwoorde ontvang:

1. Dit het ons mense as verskillend beskou.
2. Dit het ons laat glo dat daar meerwaardige-en minderwaardige mense is.
3. Dit het ons laat glo in verskille wat eintlik net oppervlakkig is, soos wanneer iemand aan ‘n ander volksgroep behoort, ‘n verskillende geloof beoefen, van ‘n ander land afkom, verskillende kulturele tradisies beoefen – ons veroordeel hierdie mense en ons glo dat hulle biologies anders as ons is. Dít, natuurlik, is nie waar nie.
4. **Wettige apartheid** het mense laat glo dat die **teorie van ras *waar*** is.

Die teorie van ras is absoluut nie waar nie.

Daar is nie ‘n ander woord om te kommunikeer wanneer iemand anders as ons lyk nie.

- Dit het gemaak dat ons mekaar as verskillend aanskou.
- Die beleid het die teorie van minderwaardig-en meerwaardigheid vasgelê.
- Dit het ons laat glo in verskille wat eintlik wat eintlik oppervlakkig is.
- Dit het ons laat glo dat die teorie van ras gebaseer is op feite.

RAS IS NIE WERKLIK NIE

Wetenskap het bewys dat alle mense se DNA 99.9% dieselfde is, maar rassisme bestaan wel, aangesien mense mekaar nogsteeds as verskillend beskou en behandel – as minder-en meerwaardig.

Wetenskaplik is dit oor en oor bewys (gebaseer op feite) dat ras nie bestaan nie. Die Menslike Genoom Projek en baie ander ondernemings het gedemonstreer dat as ons jou DNA teenoor iemand anders se DNA toets, selfs as die persoon absoluut verskillend in voorkoms is, die DNA kode 99.9% dieselfde is. **Ras bestaan dus nie.**

Rassisme is egter ‘n werklikheid.

Hoekom? **Mense is rassisties**.

Hoekom? Mense plaas mense in **kategorieë.** Hierdie kategorieë kan gebaseer wees op hoe ander **mense lyk, hoe hulle bid, verskillende kulturele praktyke en baie ander maatstawe.** Mense vrees verskille en veranderinge. Hierdie kategorieë – **rasse** - is ‘n sosiale uitvindsel. Ras bestaan nie. **Rassisme bestaan wel.**

Hoe het hierdie deurdringende idee van ras ontstaan? Dit is die volgende vraag, aangesien dit baie belangrik is dat jy die oorsprong van hiedie teorie verstaan.

Ras en Rassisme het nie begin met Apartheid of met NaziDuitsland of met Australië nie. Daar is ‘n lang geskiedenis van rassistiese, vals wetenskaplike teorieë wat ons moet verstaan om die gruweldade en wreedhede van die twintigste eeu in perspektief te sien.

VRAE

1.(a) Wat beteken die woord ‘pseudo-wetenskap’?

(b) Gebaseer op jou eie kennis, verskaf ‘n voorbeeld van ‘n pseudo-wetenskaplike idee wat verkeerd bewys is.

2. Verskaf die definisie van ’konteks’ in jou eie woorde.

3. Hoekom bestaan ras nie wetenskaplik nie?

4. Wat beteken die term: sosiale samestelling?

5. Gebruik hierdie eenheid en jou eie kennis om te reflekteer oor hoekom jy dink dit is belangrik vir Suid-Afrikaners om die pseudo-wetenskaplike teoriee van ras en eugenetika te bestudeer.

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre: http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:

https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

There’s No Scientific Basis for Race—It's a Made-Up Label:
https://www.nationalgeographic.com/magazine/2018/04/race-genetics-science-africa/

These Twins Will Make You Rethink Race:
https://www.nationalgeographic.com/magazine/2018/04/race-twins-black-white-biggs/

How Science and Genetics are Reshaping the Race Debate of the 21st Century:
http://sitn.hms.harvard.edu/flash/2017/science-genetics-reshaping-race-debate-21st-century/